

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Lees: 1 Joh 1:8 – 2:2; Kolossense 3:1-17

Teks: Kolossense 3:1,2; 1 Joh 2:1,2

H.K.: Sondag 18

Datum: 19 Februarie 2012

Psalms: Ps.8:1-4; 8:5-7; 47:1-2; 47:3-4; 68:8,9

1. Inleiding

Die Kategismus wil ons troos. En steeds wil ons belydenis ons troos met die dae van God – van God Drie-Enig. Sy krag-dade. Dit is ook waarom dit gaan by hemelvaart: Dit gaan om die dae van God die Vader en God die Seun en God die Heilige Gees. Aldrie kom ter sprake in hierdie Sondag oor die hemelvaart van ons Here Jesus Christus.

In antwoord 46 bely ons: Dit is tot ons voordeel dat ons Here Jesus nou in die hemel is. Hy is vir ons daar *ten goede*.

Op hierdie *ten goede* brei die Kategismus uit in vraag en antwoord 49 deur ons op drie vrugte van die hemelvaart te wys:

1. Christus ons VOORSPRAAK
2. Christus se liggaam ons PAND
3. Christus se Gees as TEENPAND

Die eerste vrug dan is

2.1. die VOORSPRAAK van Christus

In ons teksvers in 1 Johannes 2:1 sê die apostel: ***Ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.*** Jesus Christus is ***ons Voorspreker in die hemel voor die aangesig van sy Vader***, sê antwoord 46 van die Kategismus.

Dit is 'n besondere woord: *Voorspreker*. Ons kan dit ook vertaal met *Advokaat*. *In die hemel voor die aangesig van die Vader*, dit wil sê voor die regbank van God, tree Hy vir ons in en pleit Hy as Advokaat vir *ons*.

Ons moet ook hier weer die woord *ons* nie miskyk nie: *Ons* het 'n Voorspraak voor die aangesig van God die Vader. Hy beplei *ons* saak by God. Dit is 'n geloofsaak: om *ons* te sê.

Dit is iets wat ons besonder moet troos, veral as ons daaraan dink dat *ons* met ons hele lewe, nou en ook wanneer ons sterwe, staan *voor die aangesig van die Vader*. Dit is 'n uitdrukking, 'n waarheid, wat ons nie meer goed ken nie: *voor die aangesig van die Vader*. Tog is dit 'n waarheid: Ons hele lewe is 'n lewe *voor die aangesig van die Vader*, die Regter van hemel en aarde. Elke dag, elke oomblik. En – ons staan voor Hom as sondaars, as skuldenaars, as mense wat die vonnis van die ewige dood waardig is. Ons verdien sy toorn. En - as dit van onself af sou hang, sal nie een van ons gebede verhoor word nie.

Maar met sy hemelvaart het ons Here Jesus Christus in die hemel voor die aangesig van die Vader gaan staan as ons Voorspreker. En – hierdie Advokaat het die waterdigste regsgronde denkbaar. Nee, in onself is daar geen enkele gronde waarom ons vrygespreek moet word van skuld en straf en waarom die Vader na ons gebede moet luister nie. Maar 1 Johannes 2 laat ons nie net die Advokaat sien nie, maar *óók óns* Voorspraak se regsgrond, die grond waarop Hy vir ons pleit. Dit word uitgespel in vers 2: *En Hy is 'n versoening vir ons sondes*.

Die agtergrond van die woord *versoening* is Levitikus 16, die stuk oor die Groot Versoendag en ander hoofstukke in Levitikus. In Levitikus 23 vers 27 en 28 en in Levitikus 25 vers 9 word dit letterlik so genoem: die dag van versoening (eintlik versoeninge – meervoud). Die Jode praat nou nog van die Jom Kippur. Jom – dag. Jom Kippur – die dag waarop die soenoffer (die kipper of kippur) gebring is. Die ouer mense onder u sal nog die Jom Kippur oorlog in 1973 onthou. Op die Groot Versoendag, eenmaal in 'n jaar, moes die hoëpriester met die bloed van die versoeningsbok, die kipper, die allerheiligste binnegaan en die bloed van die bok sprinkel op die

versoendeksel van die ark. Dus – *voor die aangesig van God*. So is die skuld van die kerk *voor die aangesig van God* bedek.

En hierdie Groot Versoendag was 'n heenwysing na die hemelvaart van Christus. Met hemelvaart het Hy die hemel ingegaan met sy kipper, met sy versoenbloed. En nou staan Hy *in die hemel voor die aangesig van sy Vader* en op grond van sy hoëpriesterlike werk aan die kruis, op grond van sy soenoffer pleit Hy by sy Vader as ons Voorspraak.

Hierdie Advokaat het die waterdigste regsgronde: sy bloed. Daarom mag ons seker wees dat ons sondes vergewe is, dat die aangesig van die Vader in vriendelikheid, in liefde op ons neerstraal. Daarom mag ons daarvan verseker wees dat die Vader na ons wil luister.

Die tweede vrug van Christus se hemelvaart is *dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare pand het dat Hy as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem*.

2.2. Christus se ligaam is ons PAND

Die Nuwe Testament praat op verskillende plekke van Christus se hemelvaart. Twee woorde word daarvoor gebruik: *opvaar* en *opwek*:

1. Soms sê die Bybel dat Jesus *opgevaar* het (Jh.20:17). Wanneer die Woord dit so sê, wil dit die nadruk daarop lê dat hemelvaart 'n daad van Jesus self was: Hy het die hemel ingegaan om die koningskap, wat Hy verdien het deur sy volmaakte gehoorsaamheid, in ontvangs te neem.
2. Soms, soos in Handeling 1, word daar egter gesê: Die Seun is *opgeneem* is. Dan word die nadruk daarop gelê dat hemelvaart 'n daad van die Vader was. Daarmee verkondig die Vader dat Hy tevrede is met die werk wat sy Seun gedoen het en daarom mag Hy ingaan in die hemelse heerlijkheid. Die poorte word vir Hom oopgemaak.

En dan moet ons onthou: Die poorte word nie vir Hom alleen nie, maar ook vir ons ... ja,

WANT:

Ons moet altyd onthou: Christus is nie alleen ware God nie. Hy is *ook ware mens*. Toe Hy dus as ware mens in die hemel opgeneem is deur die Vader, is ons menslike natuur ook weer toegelaat in God se heerlike paleis. ***In Christus se menslike natuur is ons s'n verteenwoordig en ingesluit en toegelaat*** tot die hemel.

Die vlees van Christus - dit noem die Heidelberger nou 'n *pand* en nie sommer net 'n pand nie, maar 'n *betroubare* pand. God self doen dit immers: God self laat ons menslike natuur toe in die hemel. So 'n betroubare pand (waarborg) het ons in ons Here Jesus se verheerlikte menslike natuur wat in die hemel is, dat Paulus in Efesiërs 2:6 sê: ***God die Vader het ons saam met Christus opgewek en saam laat sit het in die hemele in Christus Jesus***. In Christus is ons reeds daar, ons is saam met Hom in die hemele.

In die antwoord 49 word nog 'n beeld gebruik, die van 'n *hoof* en 'n *liggaam/lede*: ***Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem***. Die Kategismus sluit dikwels by hierdie aan die Skrif ontleende beeld aan: die kerk as liggaam en Christus die Hoof van hierdie liggaam en dat die liggaam deel in die weldade van die Hoof. By hierdie beeld wil ek aansluit: Die Hoof is alreeds in die hemel en daarom sal die liggaam ook sekerlik daar kom. Want as die hoof bo die water is, dan is die hele liggaam ook gered en veilig.

As derde vrug van die hemelvaart sê ons belydenis dat:

2.3. Christus ons sy Gees as TEENPAND stuur

Die Kategismus kry hierdie beskrywing van die Gees as *teëpand* (onderpand) by Paulus in 2 Korintiërs 1:22 en 5:5 en ook in Efesiërs 1:14. ***Ons is verseël met die Heilige Gees van die belofte: Hy is die onderpand van ons erfdeel***, sê Paulus in Efesiërs.

Die woord pand of *onderpand* kom uit die regs- en handelswêreld van daardie tyd. Ons kan dit ook vertaal met *deposito*. So 'n pand of deposito is gegee as die eerste vooruitbetaling van die volle bedrag. Maar die pand was ook meer as net eerste paalement. Hierdie pand was terselfdertyd die waarborg dat die volle som wel betaal sal word. In die pand was die volle som dus inbegrepe. In die pand het jy reeds begin om die volle som in besit te neem.

Nou noem Paulus die Heilige Gees die onderpand, wat aan die gemeente gegee is. Daarmee bedoel hy: Die Gees is gegee as die eerste vooruitbetaling van die volle erfenis, wat ons eenmaal sal ontvang. En: In die ontvangs en besit van die Gees het ons die waarborg dat ons ook eenmaal die volle heil sal ontvang. In hierdie pand, die Heilige Gees, het ons reeds begin om die volle erfenis in besit te kry.

Christus het sy Gees as teëpand na ons toe gestuur, sê die Kategismus. En ***deur die krag van die Gees soek ons wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie.***

Die woorde ***soek ons wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie*** kom uit Kolossense 3:1-2. Dit laat ons presies sien wat die Heilige Gees doen: Hy rig ons aandag op Christus wat daar bo is en Hy oortuig ons dat die verlossing in Hom alleen is. En om alleen uit sy heilswerk te lewe.

Dit is belangrik dat ons moet sien dat die uitdrukkings ***saam met Christus opgewek*** en die ***soek die dinge daarbo*** in Kolossense 3:1 aan mekaar verbind word. Wie deur die Heilige Gees deel het aan die opwekking van Christus, wie saam met Christus opgewek is in 'n nuwe lewe ('n nuwe mens is), soek ook die dinge daarbo en laat hom beheers deur Christus, wat aan die regterhand van God sit.

In Kolossense 3:3-17 sal u sien dat hierdie ***soek na wat daar bo is***, alles te make het met die afsterf van ons ou mens (ons ou, sondige natuur) en die opstanding van ons nuwe mens (om 'n lewe van gehoorsaamheid te lei onder die genadeheerskappy van Christus).

Om te soek wat in die hemel is, beteken daarom beslis nie: dat ons aardse lewe nie meer belangrik is en dat ons met ons koppe in die hemel leef, dat ons as aard-vreemde wesens leef nie. Ons soek na wat in die hemel is, bepaal juis ons lewe op aarde en verander en vernuwe ons lewe op aarde.

Nou moet ons egter goed onthou: Uit eie krag sal ons nooit soek wat daar bo is nie. Daarom voeg ons belydenis daarby: ***Deur die krag van die Gees soek ons wat daar bo is.*** In ons doopsformulier sê ons dit ook so duidelik: Die Heilige Gees maak tot ons eiendom

wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe. Hy gee ons die geloof om te soek wat bo is.

Wie daarom in Christus glo en hom deur Christus laat lei, hy mag weet dat dit die krag van die Gees is, wat in hom werk. Hy mag weet dat hy die Heilige Gees as teëpand het.

Ons moet ook nooit vergeet nie: die krag van die Heilige Gees het ook alles te make met die krag van die kruis en die krag van die opstanding van Christus. Deur die krag van die kruis sterf ons ou mens en deur die krag van Christus se opstanding staan ons op in 'n nuwe lewe. So word ons beheers deur krag van die verhoogde Christus.

3. Slot

Hemelvaart is 'n feit, 'n heerlike werklikheid.

- Met hemelvaart is die hemele vir ons ontsluit, sodat ons met vrymoedigheid, elke dag daar mag intree. Nou het ons daar 'n Advokaat sonder weerga wat altyd vir ons pleit en ons saak by God opneem.
- Met hemelvaart leef ons elke dag voor die vriendelike aangesig van ons Vader.
- Met hemelvaart het ons die skat van die Heilige Gees ontvang en Hy maak ons so oneindig gelukkig, want Hy vestig van oomblik tot oomblik ons aandag op ons Koning, Hoëpriester en Bruidegom. En deur sy Gees maak Christus ons van harte gewillig en bereid om vir Hom te leef.
- Met hemelvaart sien ons dit ook deurbreek dat ons liggame verlos word. Want in die vlees van Christus - ons vlees -, in Christus het ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons sy lede ook tot Hom sal neem. Ons is saam met Hom opgeneem en sit saam met Hom ...

AMEN.